# 257 Kyk Hy kom weer op die wolke



Elke oog sien die Messias,
vreeslik in sy majesteit;
ook dié wat Hom eens bespot het
aan sy Kruis met hoon en nyd,
rou bedrywend,
by sy koms in heerlikheid.

Kyk, die tekens van sy lyding
aan die liggaam van ons Heer!
Daarom val sy vrygekooptes
diep bewoë voor Hom neer.
Adorasie
wek die merke immermeer!

Amen, ja, aanbiddenswaardig
hoog op u verhewe troon;
Heer, o Heiland, onse Here
wat die ewigheid bewoon.
Halleluja!
U kom toe die Koningskroon.

Charles Wesley (1707-88) Selected Hymns with Tunes Annext (1756)